Spaanse opera op die planke

DIE Nasionale Teater in samewerking met die organisasie vir Spaanse Samewerking bied komende Woensdag (4 Julie) met trots 'n Spaanse Opera-aand aan met Jesùs Quilez (tenoor), Alfredo Garcia (bariton) en Sara Almazan (klavier).

Jesùs Quilez is in Zaragoza gebore en het musiek aan die Arturo Soria Professionele Konservatorium in Madrid gestudeer. Hy het sy opleiding en repertoire-studie in Wenen voltooi onder Helena Lazrsak, 'n musiekprofessor verbonde aan die Hochschule für Musik in Wenen. Van 1989 tot 1997 was hy 'n lid van die Zaragoza Liriese Teater waar hy onder meer hoofrolle vertolk het in werke soos *La Dolorosa*.


Jesús Quilez


Alfredo Garcia

Sara Almazan

Alfredo Garcia (bariton) is in Madrid gebore waar hy sy studies aan die Koninklike Gevorderde Musiekkonservatorium voltooi het. Hy is bekroon met die Madrid Vriende van die Opera-toekenning, die Musikale Jeugtoekenning en die Gonzalez Guerro-toekenning tydens die Maestro Alonso Internasionale Kompetisie in Spanje. Hy het reeds opgetree saam met die Hongaarse Filharmoniese Orkes en was te sien in Mozart se *Cosi Fan Tutte* in Romenië. In Spanje het hy uitstaande uitvoerings gelewer in die rol van Mauregato in Schubert se opera *Alfonso und Estrella* saam met die Moskou Virtuosos.

Toere deur Europa het hom geneem na Duitsland, Oostenryk, Italië en Slowenië met die Savaria Simfonie-orkes, en Pole met 'n reeks konserte toegewy aan die werke van Johann Strauss saam met die Kylze Simfonie-orkes.

Sara Almazan is ook in Zaragoza gebore waar sy klavierlesse onder Jesùs Gutierrez geneem het. Sy het verdere musikale opleiding in Oostenryk ontvang met studies in pedagogie en sang onder meesters soos Geral Zeller en Christine Whitlesey by die Musiekuniversiteit in Wenen. Sy het reeds verskeie kere saam met die kontemporêre groep Artesonanz in Oostenryk opgetree en uitvoerings gedoen van verskeie werke deur komponiste soos Roland Neuwirth en Alfred Polansky.

Kaartjies vir hierdie besondere geleentheid kos N$50 as dit vooruit gekoop word, of N$60 by die deure. Deure open om 19:00 en die opera begin om 20:00.